

NATUURWETENSKAP : WEEK 8 tot 12 Junie

Dinsdag

Leer asb die simbole en chemiese elemente en hul name p xvii. JY moet no 1 tot 20 ken plus no 24,26, 29,30,47,53,79,80,82 en 92. Jy hoef nie die atoomgetalle te ken nie. Jy gaan oor 2 weke hieroor 'n toetsie skryf. Hierdie is baie belangrik, want dit is jou grondslag.

Donderdag

Ons gaan nou weer op p 58 begin, aangesien die werk verminder is en die werk van kwartaal 4 in jou handboek nie meer gedoen hoef te word . So ons gaan die werk weer herhaal, sodat jy dit goed ken

ATOME (p 58) Hou asb jou handbook by jou terwyl jy die opsomming deurgaen

'n Atoom is die kleinste deeltjie van 'n element wat steeds al die eienskappe van die element het

Al die atome in 'n element is presies dieselfde. Al die atome in bv Koper is presies dieselfde

Al die bekende elemente word op die periodieke tabel gelys

Atome bestaan soms op hul eie , of in groepe. Groepe atome staan as molekules bekend

Atome bestaan uit kleiner deeltjies:

Maklik om te onthou, **PROTONE POSITIEF, ELEKTRONE NEGATIEF, NEUTRONE NEUTRAAL** . Protone en neutrone is saam in die kern van die atoom en kan nie uit die kern uitkom nie (kyk skets p59 bo-aan). Protone en neutrone het dieselfde massa. Elektrone het omtrent geen massa nie en beweeg in 'n ruimte buite die kern.

Elke element op die periodieke tabel het 'n atoomgetal en 'n massagetal. Kyk na die voorbeeld van P (fosfor) op p 59. Die kleinste getal naamlik 15 is die getal protone in die kern, ons noem dit die atoomgetal. Die groter getal naamlik die massagetal is die protone + die neutrone. Ons noem dit die massagetal. Jy kan dus bereken hoeveel neutrone in 'n atoom is deur die aantal protone (atoomgetal) af te trek van die massagetal. In 'n neutrale atoom is die aantal protone altyd gelyk aan die aantal elektrone. So in die geval van P (fosfor), het fosfor 15 protone , 15 elektrone en 16 neutrone. Jy kan nou gaan kyk na die eerste 20 elemente wat jy moes leer. Kyk na die periodieke tabel op p xviii. Identifiseer die atoomgetal (aantal protone), massagetal (proton + neutrone). Jy kan nou vir elke element die aantal neutrone bepaal. Onthou vir elke element is die aantal protone gelyk aan die elektrone.

Doen aktiwiteit 1. Jy kan dit sommer teken. Teken suurstof, Natrium en fosfor. As jy dit kan teken, ken jy jou werk

NW